**Dinsdag 27 Junie**
**Skrifgedeelte: Psalm 133**
**Fokusgedeelte: Psalm 133:1 (AFR83)**
**Hart en hoof harmonie van huisgesinmense!**

Die maar net drie verse-psalm 133 woorde dra 'n boodskap wat in boeke met veel meer as drie hoofstukke nie opgeskryf kan word nie. Evangelieboodskap in voluit-waarheid binne die versameling pelgrimsliedere (Pss. 120-135). Op pad na die groot feeste by die tempel in Jerusalem-lied. Tempelgangers, enkeling en gesin ... families bymekaar. 'n Lied op die pad en langs die pad van die lewe. Kerklied en gesinslied.

Die baie kort psalm met 'n baie belangrike boodskap: "Hoe goed, hoe mooi is dit as broers (en susters) eensgesind saam woon ..."

Dis 'n ou maar altyd sinvolle en betekenisvolle gebruik. Die saamwoon in een huis (Gen. 13:5 en 27:41 onder andere). Die gebruik dat as die vader sterf, die seuns aanhou saamboer en nie die grond verdeel nie. Eensgesind saam woon, saam lewe, saam onder een dak. Dawid as psalmskrywer sê: "Hoe goed is dit"! En die Hebreeuse woord vir "goed"? Veelseggende betekenis. Dit beteken:

- Orkesmusiekklanke in harmonie
- Soetsmaak van heuning

Harmonie tussen mense. Spesifiek tussen broers en natuurlik susters. Gesinsharmonie in geslagte saamgevoeg. Die getuienis van saam leef in die sin van aan mekaar se lewe deel te neem en mekaar te ondersteun.

Die harmonieuse musiekklankgetuienis van gesinslede wat in liefde saam woon. Geen heuningstroop is so soet nie! Die pelgrimspad word hand aan hand bewandel. Begrip en respek. Gehoorsaamheid en geduld. Vrede en vergifnis. Die mooi van huisgesin-eensgesindheid. 'n Ewige waarheid. In menselewens waar, soos wat dit destyds waar was van die reukolie waarmee die hoëpriester gesalf is en dit vol welriekendheid op sy kop tot by sy baard en tot op sy kraag versprei. Die dou van Hermon wat versprei. So versprei die liefde van broers en susters wat "mooi" saam leef vanuit eie kring tot wyer kringe.

Psalm 133 ... destyds én vandag se pelgrimslied. In die binnekring van broer en suster bymekaar wees, niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in harmonie mekaar ag en aan mekaar se belange dink. Soos die Here Jesus aan elke mens as deel van sy huisgesin se belange gedink het. Om singend te bely: "Gods seën rus waar eensgesindes woon, vir altyd leef hul by die Heer!" (Ps. 133-2:2).

*Sing: Psalm 133-1:1, 2*

*Dr. PH Heystek (Pieter) (Pretoria-Montanapoort)*